
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

Website address: www.stangerchristiancentre.co.za

DIE VIRGIFTIGING VAN BITTERHEID

....dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie. Heb. 12:15

Satan is die dief en vernietiger, en sy doel is om elkeen wat in hierdie wêreld gebore word, op enige moontlike manier te vernietig, gebonde en gevange te hou. Maar ons lees in Luk. 4:18 dat Jesus se sending was om diè wat gebroke van hart is te genees en om die gevangenes vry te laat. Jesus het aarde toe gekom as God gemanifesteer as mens om die werke van die vyand te vernietig en Hy is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde. (Heb.13:8). Onskuldige kinders is dikwels die vyand se prooi en hulle dra hierdie wonde of kneusplekke vir die res van hulle lewens. Hulle is nie vry om die mense te wees wat God vir hulle bedoel het nie. Vrees, onsekerheid, bitterheid en verwerping is bewyse van Satan se werk en hierdie onderdrukking van die vyand sal aanhou totdat dit geopenbaar en daarmee gedeel word in die Naam van Jesus.

Dit is in hierdie dae baie duidelik, dat dit dikwels die kinders van God is, lede van die Liggaam van Christus, wat ly as gevolg van hierdie wonde en kneusplekke van Satan. Kneusplekke veroorsaak skeiding tussen lede van 'n gesin, en tussen lede van Jesus se liggaam, die Kerk. Vrees en wantroue bring altyd skeiding en die vyand heers waar daar verdeeldheid is.

Satan se mikpunt en doel is om te kneus en dit is in Gen. 3:15 voorspel. God het met die slang(Satan) gepraat en gesê: **"En ek sal vyandskap stel tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt."** Jesus self was verbrysel. Jes. 53:5: **"Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom."**

Jes. 53:10 "Maar dit het die Here behaag om Hom te verbrysel; Hy het hom krank gemaak; as Sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehae van die Here sal deur Sy hand voorspoedig wees." 'n Intieme vriend het Hom verraai en Hy was bespot (Jes.53), beskuldig (Mat.12:24), gehaat en verlaat.

Onskuldige kinders is van Satan se uitgesoekte doelwitte, soms selfs voor geboorte. Vrees kan jou kinders aanval en verwerping kan 'n vastrapplek in 'n jong gemoed kry, sodat die kind as 'n volwassene dit moeilik sal vind om liefde te toon of te ontvang. 'n Kind wat misbruik en mishandel was, sal vol vrees, teruggetrokke of rebels opgroei, kinders van die Here is ook Satan se teikens. Nuwe gelowiges is teikens vir agterdog en verwerping en dan word julle diens vir die Here belemmer deur leuens en verdeeldheid. Satan gebruik misverstande, vals aantygings, verwerping en vrees om te breek en te vermink.

Heb.12:1 ".....laat ons ook elke las aflê.... wat ons so maklik omring..... Kneusplekke bind ons aan die een wat die seer toegedien het. Hulle verslaaf ons deur te veroorsaak dat ons bitterheid en onvriendelikheid ontvang en reageer met bitterheid en onvriendelikheid. So hou Satan se plan ons in sy kloue. Prys die Here dat Jesus gekom het om hulle wat gekneus is te genees en vry te maak. Hy maak hulle wie se verstand en gees gebind is vry en genees elke indiwidu se liggaam sowel as Sy Liggaam (Die Kerk) hier op aarde.

Baie kinders van die Here is soos 'n appel wat geval en gekneus het – daar is vir 'n paar dae geen uiterlike teken van skade nie, maar dan verskyn 'n donkerkol wat uiteindelik verrotting bring. Dit is presies soos bitterheid in 'n mens se lewe werk.

Heb.12:15 "Pasop dat niemand in die genade van God veragter nie, dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie.

Bitterheid werk soos gif in die siel en spruit voort uit seerplekke wat opgedoen word in menslike verhouding. Die mees algemeenste voorkoms van bitterheid word in die verhoudings kind/ouer en

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Die vergifting van bitterheid….)
man/vrou gevind. Ons weet dat die diepste seer van diè naaste aan ons kom.

Bitterheid besoedel jou hele wese! Dit word in jou spraak, houding en gedrag waargeneem en dit val jou gesondheid aan. Jou bitterheid besoedel ook andere. Bitterheid bou mure van afsondering uit vrees dat jy weer sal seerkry. Dit bou mure van wantroue en vrees dat jou kneusplekke blootgestel sal word, wat weer op sy beurt mure van eensaamheid skep. Dit neem mense weg uit die gemeenskap en hulle raak baie krities teenoor andere.

Verbreekte verhoudings veroorsaak dikwels blindekolle wat verhoed dat ons redelik optree. Ons word mislei aangaande onsself en andere en sien dinge nie soos dit werklik is nie. Gebrek aan gevoel en deernis ontstaan en ons lewens raak self gesentreerd. Min agting vir andere se behoeftes word getoon en 'n onvermoë om na andere uit te reik is die gevolg.

Onvolwassenheid is ook een van die gevolge van wanverhoudings, want alhoewel 'n persoon fisies volwasse raak, eindig sy emosionele ontwikkeling daar waar hy die kneusplek opgedoen het. Emosionele ontwikkeling hervat wanneer hy sy probleem verstaan, slegs dan kan vrymaking en genesing plaasvind, in die Naam van Jesus. Onvergifnis is die wortel van bitterheid, en beskuldiging word haat. **Ontkenning van die probleem in jou lewe sal uiteindelik geweldige vernietiging veroorsaak.** Bitterheid is in werklikheid die groei akker van elke bose werk. Dit sal enige kind van God vermink. Die teengif is om 'n konstante en aanhoudende gees van vergifnis te hê. Wanneer Satan wil kneus, seermaak en onvergifnis wil bring, moet niks daarvan ontvang nie, maar bevry jouself deur dadelik te vergewe! Mat.18:27 **"En die heer van daardie dienskneg het innig jammer vir hom gevoel en hom losgelaat en hom die skuld kwytgeskeld."** Onvergifnis gee aan Satan 'n wettige reg in jou lewe wat hy aangryp om jou te onderdruk en te martel. Satan het geen respek vir 'n Christen wat met onvergifnis rondloop. Bitterheid volg altyd op onvergifnis en is weereens vernietigend en dra aaklige vrugte en besoedel lewens.

As jy seerplekke, bitterheid en onvergifnis met jou saamdra is jy aan die verlede gebonde en kan jy nie in die hede leef nie. Hierdie bitterheid loop deur na jou huidige verhoudings en die seer bind jou aan persone in die verlede. Tyd sal nie onvergifnis heel of verander nie. **Ons moet deur 'n wilsbesluit kies om te vergewe en indien ons dit nie doen nie sal marteling en pyn die gevolg wees.**

Lees Mat. 18:21-35. Ons vergifnis teenoor andere stel God se vergifnis teenoor ons vry.

Mat. 6:14&15 "Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.

Lees ook Mark. 11:23-26 en Efs. 4:32. Vergifnis stel God se genesing in jou vry. **Vergifnis bly altyd 'n keuse. Jy kies om te vergewe!** Moenie volgens gevoelens gaan – dit sal later kom. Sodra jy iemand vergewe kan God jou seer genees.

1. Maak 'n lys van slegte verhoudings, verlede en hede.
2. Ondersoek hulle en kry die rede vir die swak punte in daardie verhoudings.
3. Vergewe die persoon of persone wat betrokke was by elkeen van hierdie verhoudings.

Jy sal dalk moet regmaak deur die persoon om vergifnis te vra indien die Heilige Gees so lei.

Fil. 4:7: "En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus."

Die mens is geskape na die beeld van God. Sy basiese behoeftes is liefde en kommunikasie. Wanneer blootgestel aan verwerping, word die persoon liefde, sekuriteit, aanvaarding, identiteit en erkenning ontsê. Hy sal dit dan moeilik vind om liefde te gee of te ontvang. Die gevolg is die verminking en aftakeling van die hele mens. Jesus verstaan verwerping omdat Hy self verwerp was.

Jes. 53:1-3: "Wie het geglo wat aan ons verkondig is? En aan wie is die arm van die Heer geopenbaar? Hy tog het soos 'n loot voor sy aangesig opgespruit en soos 'n wortel uit droë grond. Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie. Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid, ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg. Hy was verag en ons het Hom nie geag nie."

Ernstige verwerping word dikwels in ouer/kind verhoudings gevind. Soms gebeur dit voor geboorte of met aangenome kinders. Sommige kinders ly aan verwerping omdat hulle ouers nie hulle liefde kan toon nie, hierdie ouers het moontlik ook, as gevolg van dieselfde redes, onder verwerping gely. Verwerping by kinders volg gewoonlik wanneer ouers alkoholiste, materialiste, altyd werk, sosiaal, oor krities is en perfeksionisme verwag. Soms vergoed besige ouers hulle kinders met geskenke en geld omdat hulle nie genoeg tyd aan hul kinders bestee nie.

Die effek daarvan is dikwels:

1. 'n Kind wat nie die nodige liefde van sy vader ontvang het nie, sal dit moeilik vind om 'n blywende en bestendige verhouding met Vader God te hê.
2. 'n Kind wat opgroei met verwerping verwag en aanvaar eerder verwerping as liefde van God.
3. Die ouerfiguur is die model waarop die kind sy verhouding met God bou.

Verwerping word ook ervaar wanneer iemand voel dat hy misluk het in die 'aanvaarbare' vereiste voorwaardes van die gemeenskap. Wanneer dit kom by die mens se verhouding met God, vind ons dat hy ontvanklik is vir verwerping weens sonde in sy lewe, die skuldgevoel bring self verwerping. Die gevolge van verwerping is eindeloos, en persone wat die probleem ondervind dat hulle ander wantrou, het oor die algemeen diep wortels van verwerping. Emosionele onvolwassenheid spruit voort uit verwerping wat weer verdere afwykings en wanverhoudings bring, veral in huwelike. Dan is daar nog eensaamheid en vrees, die ontsettende ellende van self-verwerping waar 'n negatiewe selfbeeld gehandhaaf word vol self kritiek en kritiek oor andere. Self-identiteit gaan dikwels verlore, maar omdat die mens na God se beeld geskape is, kan hy slegs in sy Hemelse Vader deur Jesus Christus sy identiteit vind. 'n Onstabiele verhouding met God kom dikwels ook weens verwerping en ons liefde vir God word vervang met 'besig wees' vir God, in plaas

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Die vergifting van bitterheid….)
van geloof en vertroue in Hom en aanvaarding van Sy onvoorwaardelike liefde. Begin deur hulle te vergewe wat jou verwerp het en gee al jou verwerping en bitterheid oor aan Jesus Christus. Hy het klaar die prys betaal, - Hy was verag en verlaat deur mens en God (Jes. 53:3) Hy verstaan. Lees dan God se beloftes in Jes. 54:4-6 en Jer. 30:17. Dit is noodsaaklik dat jy jou ware identiteit in Jesus moet verstaan. 2 Kor. 5:17 sê **"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel, die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."** Aanvaar jouself, vergewe jouself vir jou verlede en ontvang die oneindige liefde van jou Hemelse Vader. Onthou met God is daar nooit verwerping!

As 'n kind van God is jy deel van Christus se Bruid wat deur die Heilige Gees voorberei word vir die Bruidegom om te wees sonder vlek of rimpel, volgens Efs. 5:27. Die sleutel tot volkome genesing van bitterheid en emosionele pyn word gevind in Fil. 3:13-14: **"….Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus."**

Vergifnis maak jou vry van die verlede en pyn wat jou daaraan gebind het. Dit skenk jou vrede en jy ondervind die teenwoordigheid en liefde van die Here. Kies vandag om te vergewe en word vrygemaak van die kneusplekke van Satan in Jesus se Naam. Kry ons boekie "Die Krag van Vergifnis") □

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Baie dankie vir die pragtige nuusbrief. Baie mense het al daardeur hulle bekeer en terug gekeer na die Here toe. So iemand was ekself, ek het ook gedink ek is 'n Christen totdat ek uitgevind het dat ek nog nie Jesus in my lewe gehad nie. Nou is Jesus my Verlosser en alhoewel ek nog deur baie krissesse gaan met Jesus aan my sy en in my hart is alles beter hanteerbaar. Baie dankie ek gee die adres vir mense om self die brief te bestel. Maar nou sien ek die lewe deur Jesus oë en verstaan ek die Woord van God beter. Die liefdesbrief aan ons. Baie dankie en alle eer aan ons Hemelse Vader en Sy seun. Liefde groete

Mev P Greyling, Hartbeespoort

BOEKE EN CD'S

Skakel ons of skryf aan ons vir 'n lys van ons boeke en CD's.

Hoe om te bestel:

1. Dui asseblief die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkie langs die titel
2. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks of pos die deposito trokie saam met die lys van u bestelling

Bank besondehede:
Eerste Nasionale Bank
Rek No: 53730091667
Takkode: 220129
Faks no: (032) 5525411

OF, stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons. As u nie u bestelling binne 4 of 5 weke ontvang nie, dan moet u ons asseblief laat weet.

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening in-betaal word.Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

God's Promise of Health and Provision

And ye shall serve the LORD your God, and He shall bless thy bread, and thy water; and I will take sickness away from the midst of thee. There shall nothing cast their young, nor be barren, in thy land: the number of thy days I will fulfill. Exodus 23:25-26

We are well acquainted with the history of Israel, and we know about the Covenant that God made with Abraham and his descendants, and how God took them out of Egypt and miraculously cared for them for 40 years in the wilderness and led them to the Promised land. The Old Testament is full of the Promises of God to His people – Promises of health and provision. One such promise is: **If thou wilt diligently hearken to the voice of the Lord thy God, and wilt do that which is right in His sight, and wilt give ear to His commandments, and keep all His statutes, I will put none of these diseases upon thee, which I have brought upon the Egyptians: for I AM THE LORD THAT HEALETH THEE. (Exodus 15:26)**

The original Hebrew reads: I will ALLOW none of the diseases on you that I allowed on the Egyptians. In the original Hebrew, we find that the verb can be in the permissive or the causative sense. God "permits" sickness, just as He does sin, but He does NOT cause either sickness or sin! Satan brings sickness. **The thief** (Satan) **cometh not, but for to steal, and to kill, and to destroy: I** (Jesus) **am come that they might have life, and that they might have *it* more abundantly. (John 10:10) .**

God brings healing. **How God anointed Jesus of Nazareth with the Holy Ghost and with power: who went about doing good, and healing all that were oppressed of the devil; for God was with Him. (Act 10:38)**

The Word of the Lord says that God actually "takes away" sickness from the midst of His people.

And ye shall serve the Lord your God, and He shall bless thy bread and thy water; and I WILL TAKE SICKNESS AWAY FROM THE MIDST OF THEE. There shall nothing cast their young, nor be barren, in thy land: THE NUMBER OF THY DAYS I WILL FULFILL. (Exod. 23:25-26)

In this Scripture God tells us that His children do not need to get sick in order to die, but that they just fall asleep, as occurred with the Patriarchs in the Old Testament, after the number of their allotted days . The Lord said to Abram : **And thou shalt go to thy fathers in peace; thou shalt be buried in a good old age. (Gen 15:15) ,** This came to pass, because we read**: And Abraham was old, *and* well stricken in age: and the LORD had blessed Abraham in all things.(Gen 24:1) Then Abraham gave up the ghost, and died in a good old age, an old man, and full *of years;* and was gathered to his people. (Gen 25:8).** The same was true of Isaac, he also lived to a ripe old age, called his children to his bedside when he knew that his time had come, and pronounced a blessing upon them. He was not sick when he died! **(Gen 35:29) And Isaac gave up the ghost, and died, and was gathered unto his people, *being* old and full of days: and his sons Esau and Jacob buried him.** This was true of King David too, for it is written concerning him: **And he died in a good old age, full of days, riches, and honour: and Solomon his son reigned in his stead. (1 Ch 29:28)**

God's promises to those who love and serve Him are Life Giving. We read in **Psalm 91:16 With long life will I satisfy him, and show him My salvation.** Then again in Psalm 92, the Lord assures us: **The righteous shall flourish like the palm tree: he shall grow like a cedar in Lebanon. Those that be planted in the house of the LORD shall flourish in the courts of our God. THEY SHALL STILL BRING FORTH FRUIT IN OLD AGE; they shall be fat and flourishing; TO SHOW THAT THE LORD IS UPRIGHT: *He is* my rock, and *there is* no unrighteousness in Him. (Psalm 92:12-15)**

When we accept Jesus as our personal Saviour, we must always remember that God becomes our Heavenly Father, and He desires to protect and care for us, just as an Earthly father does his children.(John 1:12 and Matt.7:11) No earthly father would put sickness on his children, unless of course he was a monster! However,we serve a good and loving, merciful God!

And He will love thee, and bless thee, and multiply thee: He will also bless the fruit of thy womb, and the fruit of thy land, thy corn, and thy wine, and thine oil, the increase of thy kin, and the flocks of thy sheep, in the land which He swore unto thy fathers to give thee. Thou shalt be blessed above all people: there shall not be male or female barren among you, or among your cattle. AND THE LORD WILL TAKE AWAY FROM THEE ALL SICKNESS, and will put none of the EVIL DISEASES of Egypt, which thou knowest, upon thee; but will lay them upon them that hate thee. (Deut. 7:13-15)

(Vervolg op Bl. 5)

And this is how Israel journeyed through the wilderness and arrived in the Promised Land – free of sickness. We read of this again in **Psalm 105 verse 37: He also brought them out with silver and gold, and there was NONE FEEBLE among His tribes.** Regardless of God's wonderful promises, however, time and time again they became involved in sin, idolatry and rebellion and the result was sickness. But God began to heal them when they turned from their wickedness, and once again became obedient to His Word. **Who forgiveth all thine iniquities; WHO HEALETH ALL THY DISEASES. Who redeemeth thy life from destruction; who crowneth thee with loving kindness and tender mercies; who satisfieth thy mouth with good things; so that thy youth is renewed like the eagles. (Ps. 103:3-5)**

Take note here, God says: "Who healeth all thy diseases", not just some diseases! It is quite clear that Israel was protected by the Old Covenant which God made with their forefathers, but what about us, who are Gentile believers, and do not have Abraham as a forefather? Praise the Lord, let's read what God says in **Gal. 3:13, 14, 29: Christ has redeemed us from the curse of the law, having become a curse for us (for it is written, "Cursed is everyone who hangs on a tree"), that the blessing of Abraham might come upon the Gentiles in Christ Jesus, that we might receive the promise of the Spirit through faith. And if you are Christ's, then you are Abraham's seed, and heirs according to the promise.** Christ has redeemed us from the curse of the law, and the curse of the law, as described Deut. Chapter 28, includes sickness, poverty and eternal death.

In Christ, we who believe, are part of a New Covenant, and Hebrews 8:6 says: **But now hath He obtained a more excellent ministry, by how much also He is the mediator of a BETTER covenant, which was established upon BETTER promises.** If the Old Covenant included divine healing, healing of sickness, how much more will not the "better" Covenant make provision for our healing.

We read in **Psalm 107:20: He sent His Word and healed them and delivered them from their destructions.** Israel had God's **written** Word and promises of healing in the Old Testament, but praise the Lord, John chapter 1 tells us that: **In the beginning was the Word, and the Word was with God and the Word was God. All things were made by Him; and without Him was not anything made that was made. And the Word was made flesh, and dwelt among us. (John 1:1, 2, 14)**

THIS "WORD MADE FLESH", IS JESUS CHRIST; HE WHO HAS BORNE OUR GRIEFS AND CARRIED OUR SICKNESSES! (Isaiah 53:4-5)

Let us allow the New Testament to take us further. **Is any sick among you? Let him call for the elders of the church; and let them pray over him, anointing him with oil in the name of the Lord. And the prayer of faith will save the sick, and the Lord will raise him up. And if he has committed sins, he will be forgiven (James 5:14-15)** God makes provision for His children to receive healing, and this healing is available to all those who believe in His Son, Jesus. Pray one for another that you might be healed.

When I first realised that it was God's Will to heal, and that the gifts of the Holy Spirit were still for the church today, you can imagine how thrilled and excited I was, especially being a medical doctor. I realised then, that there was hope, there was an answer for even those "incurable" sicknesses for which medical science could do little, or nothing at all. I realised that Jesus is our Eternal Healer! Over the past 33years of ministry, I have been blessed to witness our Lord heal every possible sickness and disease there is. I have watched amazed and in awe, as He has performed creative miracles before my very eyes. Jesus said to His disciples…. **With men this is impossible; but with God all things are possible.(Matt. 19:26).**

I want right here and now, to encourage those of you who are suffering with any form of sickness, to pray, and turn to the Lord with all of your heart and soul, and trust Him anew to touch and heal you completely. No matter what age you are, or how sick you are, the Lord will strengthen you right where you are. Regardless of what your ailment is, or what words of doom and gloom have been spoken over you, your loving Heavenly Father will lift you up and restore your health. He is the Giver of Life, so really believe Him to do the work that is needed in your body, trust Him right now. Do not fear, only believe, because Jesus paid for your sins AND your sickness on the cross of Calvary, and the Word declares in **1 Pet. 2:24 : Who His own self bare our sins in His own body on the tree, that we, being dead to sins, should live unto righteousness: BY WHOSE STRIPES YE WERE HEALED.** □

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.



uit **Dr James** se kantoor

Geliefde Familie in Jesus,

Die koue Winter is verby, en ons geniet nou 'n heerlike Lente met nuwe bloeisels, pragtige blomme en bome wat hul nuwe groen blare kry, en die voeltjies sing. Ons lees die Here se woorde in **Jes. 43:19 : Kyk, Ek gaan iets nuuts maak; nou sal dit uitspruit; sal julle dit nie merk nie? Ja, Ek maak 'n pad in die woestyn, riviere in die wildernis.** Ons juig saam met God se skepping! **Laat die hemele bly wees en die aarde juig, en laat hulle onder die volke sê: Die HERE is Koning! !(1 Kron. 16:31)** Ja, Jesus die Messias is Koning!

God het Sy Seun, die Messias, Jesus gestuur om die sondestraf vir beide Jode en nie-Jode te dra, en elke dag is ons meer en meer bewus van profesieë wat in hierdie eindtye vervul word. So baie van die Bybel se profesieë, wat die spoedige Koms van ons Here Jesus Christus vooruit verkondig, is gesentreer op die gebeure wat in Israel plaasvind. Israel is God se Heilige Land, en Jerusalem – God se Heilige Stad. Die Here het dit diep in my hart gelê om vir Sy land en mense te bid, en ook om gehoorsaam te wees aan Sy opdragte in Psalm 122:6, om te bid vir die vrede van Jerusalem! Die Here se Woord belowe ons dat diè wat Israel seën, sal Hy seën en diè wat Israel vervloek, vervloek sal wees. Laat my dit baie duidelik stel, dat DIE KERK VAN DIE HERE JESUS CHRISTUS NIE ISRAEL IS nie. Die Here het Sy spesiale plan en doel vir Sy land en sy mense, en ons moet, soos nooit tevore in hierdie endtyd bid dat Hy Sy doelstellings sal volbring. (Lees ons boeke: "God se Ewige Plan vir Israel en Sy kerk" en "Israel of Ismael").

Ons is opgewonde oor die feit dat so baie Jode na hul oorspronklike tuiste – Israel, terug keer, uit lande waarheen hulle verstrooi was, en dit is een van God se profesieë wat voor ons oë vervul word. Ons verneem ook, dat baie Jode, insluitend sommige Rabbi's, Jesus as hulle Messias aanvaar het, en ons verheug ons oor diè wonderlike nuus. Ons moet nooit vergeet dat Jesus 'n Jood is nie, en, as Christene, het ons Hebreeuse Wortels! Paulus het gesê dat ons wilde olyf takke is wat op die ware Olyf Boom (Israel) ingeënt is, dus kan ons nie as Christene roem nie (Rom. 11:17-24). Die Goeie Nuus is dat deur Jesus, die Messias, is die middel muur van skeiding afgebreek tussen Jood en Heiden. Ons lees in **Ef. 2:11-13: Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld. Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus.** (Lees ook verse 13-22)

Dit is waarom hierdie maand veral, so spesiaal en so betekenisvol is, want die Feestye van die Here soos beskryf in Lev. 23, wys almal na Jesus, ons Messias in 'n wonderlike en profetiese wyse, en leer ons waarhede met soveel diepte. Ons, wat Jesus as ons persoonlike Verlosser ken, en Hom die Here van ons lewens gemaak het, kan die profetiese woord, wat in elkeen van die drie feestye wat God ingestel het, verstaan. Ons kan hul betekenis herken en toe-eien aangaande Sy Seun, wat in die Wêreld sou kom as Verlosser van die mensdom.

Ons bid dat die Jode, terwyl hulle God se Feestye vier, Jesus as hulle Messias sal herken. Ons bid dat die God van Abraham, Isak en Jakob, die Gees van genade sal uitstort soos Hy in Sagaria belowe het.

Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind. (Sag. 12:10)

Die Herfs Feeste van die Here (Herfs in Israel en Lente by ons), word in die maand Tishrei - Sep./ Okt. gevier, en begin op die 28ste September vanjaar. Rosh Hashanah – Fees van die Basuin (29 September), Yom Kippur (8 Oktober - Groot Versoendag – hul Heiligste Dag) en dan die Loofhutte Fees - 'n tyd van feesviering- (12-20 Oktober), wat wys na die Koms van die Koning van die Konings, om Sy Koninkryk te vestig en oor dit te regeer en te heers! Hallelujah!, Daar sal vir ewig vrede en vreugde wees wanneer ons, wat aan Hom behoort, saam met Hom sal regeer (2 Tim. 2:12).

Israel het hulle verhouding met God gevier geduurende Sy Feestye, en die Herfs Feeste was vir hulle 'n heilige geleentheid om Hom as hul Heerser te erken. Die feeste is aan Israel gegee binne die grense van hul verhouding met God. Buite die verbond verhouding, word hulle slegs godsdienstige seremonies. God verwag nie van ons, om sekere godsdienstige pligte na te kom nie, Hy nooi ons in 'n verhouding waar ons afstand doen van ons opstandigheid, en onsself aan Hom

(Vervolg op Bl. 7)

(Vervolg vanaf Bl. 6 - Uit Dr James)
verbind, as getroue onderdane. Dit is die boodskap van hierdie herfs Feestyd, sodat ons, ons lewens aan God kan toevertrou en die Here van die heelal as Here van ons lewens kan kroon.

Die fees van Rosh Hanshanah, leer ons die eerste stap om 'n persoonlike verhouding met God te ontdek. Die tema van die Dag van Basuingeklank is bekering. Die dralende note van die ramshoring herinner ons aan God se verhouding met Abraham. Dieselfde verhouding, die kans om 'n "vriend van God" te wees, is vandag tot ons beskikking. Om ag te gee op die oproep van die ramshoring moet ons berou hê, wegdraai van sonde na God toe.

Yom Kippur, die Groot Versoendag, herinner ons daaraan dat bekering alleen ons nie in 'n verhouding met God kan bring nie. Ons het Hom veronreg en ons moet die straf vir ons sondes betaal.

Maar deur God se Genade het Hy die Messias, Jesus, gestuur om die sondestraf vir beide Jode en nie-Jode te dra. Bekering is nie genoeg nie! Ons moet ook Sy offer as God se genadige voorsiening vir ons versoening aanvaar.

Om egter net te erken dat Jesus in ons plek gesterf het, is nie genoeg nie. Johannes het geskryf,**" Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo" (Joh. 1:12).** Die Heilige Skrif vra ons om Hom as ons Persoonlike Verlosser aan te neem, en te erken dat dit ons was, wat die dood verdien het en nie Jesus nie, dit is ons wat gesondig het, maar Hy wat egter gely het vir ons sondes.

Jesus het nie net vir die wêreld gesterf nie, Hy het vir jou gesterf en dit is nou jou verantwoordelikheid om op te tree. Die apostel Paulus het geskryf, "**Want die loon, van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here" (Rom. 6:23).** Dit is jou keuse.

Neem Hom aan as jou Persoonlike Verlosser, asof jy langs Hom gestaan het, oomblikke voor die spykers in Sy polsgewrigte en voete geslaan is, en dank Hom dat Hy jou sonde en siekte op Hom geneem het en die prys betaal het.Neem Hom aan as Here van jou lewe. Vra die God van die heelal om jou Meester te wees, sodat jy Hom mag dien, Hom behaag en laat Sy koninkryk 'n prioriteit in jou lewe word.Aanvaar Hom as jou Redder deur die volgende gebed te bid:

Hemelse Vader, ek weet dat ek gesondig het, en ek besef dat Jesus die beloofde Messias en Redder van sonde en siekte is. Ek neem Hom nou as my Persoonlike Verlosser en Geneesheer aan en bid dat U my deur U Heilige Gees sal versterk om Hom die res van my lewe te volg. In die Naam van Jesus. Amen."

Die reeks Herfsfeeste word met Sukkot afgesluit, 'n vreugde viering! Die oorvloedige oes, van verskillende gewasse, bevestig God se getrouheid aan Sy volk, as hulle aan Hom getrou is. Blydskap is die vrug van gehoorsaamheid, die beloning op suiwering en afwassing deur bekering en verlossing.

Die besluit om Jesus as jou Verlosser te ontvang sal vir jou blydskap bring, want daar is geen groter vreugde as om te weet dat jy vergewe is. Om Jesus te ontvang is net die begin van jou verhouding met God.

Jesus het ons vertel hoe om 'n voortdurende blydskap in ons verhouding met Hom te hê, toe Hy gesê het, **"As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in Sy liefde bly. Dit het Ek vir julle gesê, dat my blydskap in julle kan bly en julle blydskap volkome kan word" (Joh. 15:10-11).**

Die blydskap van God kom in 'n opbrengs van geregtigheid. Wanneer ons Hom gehoorsaam, sal ons Sy blydskap diep in ons harte ondervind.

Die maand Tishrei (Joodse kalender – Sept. en Okt.), illustreer drie merkwaardige stappe, wat lei na 'n persoonlike verhouding met God. Nou is die tyd om na hierdie verhouding te strewe. Elke stap is moeilik. Elke stap vereis belangrike persoonlike besluite.

Net soos 'n kind wat begin loop, dit vorentoe waag, moet jy jou eerste tree na God toe neem. Kom na Hom ten spyte van vrees en struikeling, en Hy sal tot jou nader.

Bekeer jou en aanvaar Sy verlossings werk, sodat jy vir ewig blydskap kan hê in Jesus die Koning1 Hallelujah!!

Baie dankie vir julle spoedige reaksie om julle nuusbrief te hernu, asook vir die wonderlike boodskappe van liefde en aanmoediging wat ons ontvang het. Dit is regtig 'n riem onder die hart. Ons bid gereeld elke oggend om 7 uur vir julle wanneer ons nagmaal neem, en dank die Here vir julle. Ons bid vir elke versoek wat ons ontvang, en ons weet dat die Here hoor en antwoord soos ons saamstem. Dit is so 'n seën vir ons om te weet dat so baie saam met ons hierdie tyd elke oggend bid, en die Here vir groot behoeftes oor ons hele land en buite ons grense, te vertrou.

Mag die Here julle seën vir jul liefde, gebede en ondersteuning . Julle maak dit vir ons moontlik om uit te reik na die verlorenes en lydendes, en hiervoor sê ons baie, baie dankie.

Wees verseker van ons liefde, waardering en ons gebede vir jou en vir jou geliefdes,

Liefdegroete in die wonderlike naam van ons Messias Jesus,

Dr James



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Baie, baie dankie vir u gebede ek wil bevestig dat ek vir voorbidding gevra het en moet getuig dat: my kleinseun van asma genees is, my enkels gesond is, en ek het werk gekry. Ek loof en prys on Hemelse Vader!!

Mev N Nortje, Heidelberg

Gistermiddag om ongeveer 15:30 en terwyl ek besig was om Geloof in die Woord te bestudeer en lees, kom my vrou huilend die kamer binne met die skokkende boodskap dat ons kleindogter Sunè, 11 jaar so pas by die skool in Malelane gekaap en ontvoer is!! Jou wêreld kom letterlik tot stilstand! Na verneem het die onderwyseres gesien dit is ‘n witman met ‘n Land Rover. Hy het uitgespring, die kind gegryp en in die voertuig terugespring en by die hek uitgejaag met die kind. Die polisie was dadelik inkennis gestel. Sunè sê sy het gesien die man sit die sentraalsluitelsel aan en sluit die deure, maar toe die man by verkeerslig stop het sy die sentraalsluitstelsel oopgesluit en uitgespring en na ‘n ander motor gehardloop en vir hulle gesê sy word ontvoer: die mense het op hulle beurt haar na die polisiestasie geneem. Alle paaie was toe reeds afgesper en toe die polisie hom gewaar, agterna gesit en na ‘n rowwe jaagtog hom gevang en gearresteer. By die man het die polisie fotos van ‘n klomp ander kinders gekry, seker wat hy nog moes vang. Ons het gebid, en ons Vader God hoor Sy kinders wanneer ons Hom vra. Alle eer en lof aan Jesus!! Daar moet ook vir die man in die tronk gebid word vir die redding van sy kosbare siel.

Mnr L Stoffberg, Excelsior

In Augustus 1959 het die Here my babadogtertjie genees toe ek gevra het. Haar boudtjies was rou en niks wat ons dokter gegee het, het gehelp nie, daar was ‘n afspraak vir die Dinsdag by ‘n spesialis in Port Elizabeth. Na ek haar weer in haar bedjie neergelê het die Sondag, het ek my dwars oor die bed gegooi en net gebid: Here, ek kan nie meer nie, maak asseblief my kind gesond!” Net dit!! Toe ek die volgende doek afhaal was daar vel oor die lelike wonde. Ek kan vertel van Sy goedheid, daarom is my vertroue sterk, ek weet wat Hy kan doen. Baie dankie en baie liefde.

Tannie J Nortje, Jeffreysbaai

Vandag wil ek nog ‘n wonder van Jesus aan u vertel. Jare gelede ongeveer 10 jaar gelede het ek vir ‘n brein toets gegaan. Die dokters het ‘n gewas in my brein ontdek. Om dubbeld seker te maak het hulle ‘n tweede toets gedoen. Die spesialis het persoonlik na my huis toe gebel om die bevestiging te doen dat hul nie ‘n fout gemaak het nie. Ek het na my kombuis toe gestap nadat ek my man daarvan vertel het. Ek het met albei my hande op die stoof gerus en met God gepraat. Ek het net gesê: Here ek sal moet besig bly. Die volgende oomblik voel ek ‘n sagte handdruk op my skouer, dieselfde kant as waar die gewas was. Op daardie oomblik het ek nie eers besef dit was die oomblik toe Jesus die gewas uit my brein verwyder het. Toe die spesialis my skedel oopmaak was hul almal verstom. Prys die Here!!! Baie dankie ook vir u gebede deur al die jare God seën.

Mev N Steyn, Welverdiend

Dit is vanoggend 1:15 en ek wil getuig he groot is die genade en barmhartigheid van ons God wat ons genees. Ek het nie woorde om my dankbaarheid te betuig nie. Die 5de Mei 2011 het my vrou Heila ‘n geweldige rugpyn gehad, sodat sy nie kon loop sit of lê nie. Dit was baie ernstig en pynlik. Die 11de Mei is ons na die GP. Daar is plate geneem. Dit toon dat sy 6 rugwerwels het waarvan die kussings weg gesluit is. Haar rugstring is krom soos ‘n S. Sy ontvang inspuitings en medisyne vir pyn. Die 15de luister ons na U, C D “Die eenvoud van die Bybel.” Ek vra haar, het jy al gebid vir jouself? Sy is nie baie oortuigend nie. Ek herinner haar daaraan. Julle het nie omdat julle nie bid nie. Sy bid toe ernstig vir haarself. Die 16de luister ons na U, C D God reageer op kinderlike geloof. Ons onderneem om vir mekaar te bid en hande op te lê. Daarna gaan sy op ‘n stoel sit. Toe ek haar voete op my hande laat rus was die bene alreeds volkome gelyk. Die pyn het bedaar. Ons gaan toe slaap en wag vir die Here om haar volkome te genees. Die oggend van die 19de kon sy loop, sit en aangaan. Ons wei die dag van die 18de aan lof en dank. Sy lees weer U boekie “Ontvang die Heilige Gees”. Die 19de was sy weer instaat om die motor te bestuur en kon ons self die nodige gaan koop. Ons wil U graag bedank vir die boekies wat U skryf en CD’s. Ons beleef dat Jesus Christus vandag more en tot in ewigheid dieselfde is! “En hulle het hom oorwin die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie lief gehad nie.”

Liefde groete

Mnr P Olivier, Pretoria Noord

Ek groet u in die Naam van Jesus. Baie dankie vir u wonderlike nuusbrief. Ek gee dit aan my vriende en hulle vind dit baie bemoedigend. Dr. James ek het baie jare rhumatoid artritis gehad, ek het omtrent 6 jaar erug vir u geskryf. Hierdie jaar, Maart maand vind die dokter uit ek het nie meer rhumatoid artritis nie. Prys die Here vir u gebed. Ek is genees!!

M Le Roux, Keiger Park

Ek groet u in die lieflike naam van Jesus. Dr ek skryf aan u hierdie brief met ‘n hart wat oor loop van blydskap. Ek het so ‘n paar weke gelede saam gebid vir my oë. Ek gaan toe oogarts toe vir ‘n oogtoets. Daar sê hulle vir my ek moet ‘n spesialis gaan sien, ek het verkalking agter my linker oog. Ek gaan nie aardse spesialis toe nie, maar na ons Vader, ek bid elke oggend 7 uur saam met u. Ek weet u daar by die sentrum bid vir my oë en ek vertrou my Hemelse Vader my oog is gesond. Ek gaan terug oogarts toe, daar sê sy vir my ons kan maar kyk. Ek sê vir haar toets maar die oog, sy toets, sy kyk vir my, sy sê “Hierdie oog het so verbeter, hoe nou”, ek sê vir haar gebed en geloof. Dokter James baie dankie dat u so getrou vir ons en saam met ons bid. Al die eer kom ons Hemelse Koning toe. Ons bid ook gereeld vir u daar by die sentrum, vir krag en gesondheid, Ons is baie lief vir julle almal daar. Mag daar nog baie jare wees vorentoe. Al die jare se gebede saam met ons is verhoor. Al die eer al die aanbidding al die lof aan Jesus ons Verlosser en Geneser. Al ons liefde.

Mev A Alderson, Strubenvale